

14 September

Skrifgedeelte: Psalm 78:1-8
Fokusgedeelte: Psalm 78:6-8 (1933/53- en 1983-vertaling)

Katkisasie is onderrig wat die kind van kennis na vertrouwe na gehoorsaamheid lei

Wat en hoe moet ons ons kinders leer? Psalm 78 stippel die pad duidelik uit. Die wat onderrig gee, moet self die Here hulle God ken soos Hy Homself in sy daade openbaar – soos in die Bybel beskryf. Hulle moet in hulle harte oor ons God verwonderd wees (vs 4). Dan moet hulle God se opdrag ken wat Hy aan sy verbondsvolk gegee, sodat hulle met hulle hele lewe die roemryke daade van die Here aan die kinders oordra.

Hierdie oordrag is 'n voortdurende proses, nie maar 'n halfuurtjie iewers in 'n klaskamer nie. Die kinders was in Israel deel van die feeste en byeenkomste van die volk, daar het hulle gesien, geproe en ervaar wat God vir sy volk gedoen het en hulle kon saam daaroor juig. Dit is die eerste stap van die onderrig wat Psalm 78 vir ons beskryf. Die kennis moet so oorgedra word dat ons kinders God ontmoet, Hom in Christus leer ken sodat hulle weet Wie Hy is. Hulle moet dit so goed weet dat hulle in staat is om hierdie kennis weer aan ander oor te dra (vs 5). Die kennis moet egter só oorgedra word, hulle moet God só leer ken, dat hulle Hom in elke faset van hulle lewe kan vertrou (vs 7). Alleen as hulle Hom deur die werking van die Gees vertrou, sal hulle kan doen wat Hy sê en kan gaan waarheen Hy hulle stuur (vs 7).

Kinders moet begelei word om van kleins af saam met die gemeente dienswerk te doen. Indien ons toelaat dat kinders werkeloos bly, leer ons hulle dat geloof sonder werke aanvaarbaar is. Die gemeente moet seker maak die kennis gaan oor in vertrouwe en loop uit op daade, van kleins af. Kennis kan tot vertrouwe lei en dan in daade oorgaan, maar daade waarin God se trou beleef word, lei weer tot groter vertrouwe en dieper kennis. Dan sal die kerk vol jongmense wees.

Sing: Psalm 119:4, 7

Prof. G (Gert) Breed (Teologiese Skool)